
## 33 Melodieë

Melodieë is natuurlik. Hulle vorm 'n enkele string note. Hulle kan verbeel word en in jou gedagtes gehoor word.
Melodieë is die hart en siel van musiek, want ons kan daarby aansluiting vind. Dit is die deel wat jy vir jouself neurie wanneer jy alleen is. Dit is ook wat jy van jou gunstelingmusiek onthou.
Jy kan leer hoe om melodieë te komponeer. Jy het dalk reeds 'n melodie in gedagte. Die sleutel tot die komponeer van melodieë is om te gebruik wat natuurlik voorkom. Daardeur stel jy jou eie melodieë vry. Jy moet die melodie waaraan jy dink, kan beskryf en begryp. Om dié melodie bruikbaar te maak, het jy 'n manier nodig om die melodie neer te skryf of op te neem. Sodra jy die melodie begryp, kan jy nuwe verbindings skep. Dit verg kreatiwiteit om sulke nuwe verbindings te maak, en dikwels gebeur dit wanneer jy nie aan die melodie self dink nie.




**Lees die teks en beantwoord die vrae in volsinne.**

1. Wat is 'n melodie?
2. Wat is die hart en siel van musiek?
3. Wat word die deel genoem wat jy onthou van jou gunstelingmusiek?
4. Wat is jou gunstelingliedjie?
5. Skryf 'n paar woorde van jou gunstelingliedjie neer.
6. Watter deel is die belangrikste om te gebruik wanneer jy jou eie melodieë komponeer?
7. Wat het ons nodig om nuwe verbindings te maak?



## 34 Maak sterk strukture

Driehoeke is stabiel en sterk. As jy met jou bene gesprei staan wanneer jy op 'n bus of 'n trein ry, is dit makliker om jou balans te hou. Die rede hiervoor is omdat jy 'n menslike driehoek word.

| | | |
|---|---|---|
| Neem vier strokies karton en heg hulle by die hoeke aan mekaar. | Wanneer jy teen een van die hoeke druk, verander die vierkant se vorm só: | Wanneer jy 'n ekstra strook skuins oor die vierkant heg, kan jy klaarblyklik nie meer die vierkant skeef druk nie. Ons sê nou dis rigied. |
|  |  |  |

Ingenieurs, bouers en argitekte gebruik driehoeke om ligte, dog sterk strukture te bou.

**Lees die artikel en beantwoord die vrae in volsinne.**

1. Watter vorm maak jy wanneer jy met jou bene gesprei staan?
2. Waarom gebruik ingenieurs en bouers driehoeke?
3. Teken 'n stoel en wys hoe jy dit sterker kan maak.
4. Teken 'n vlieër. Wys hoe jy jou vlieër kan versterk met driehoeke.
5. Die prent hier langsaan toon 'n geodetiese koepel (of koepelwoning). Dink jy dit het 'n sterk struktuur? Waarom of waarom nie?

